# 29 November 2021 - Lesing 1 - Meer lesings oor die aard en wese van natuurgeeste

**Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 4**
**JAKOB LORBER**

*`n Blik in die wêreld van die natuurgeeste*

**Hoofstuk 114** Ek (**JaHshua**) sê: "Kyk, Ek het vir hierdie doel hierdie ligbol uit die diepste binneland van Afrika hiernatoe laat bring om daarmee, tot `n mate sonder wonders, **meer langs `n natuurlike weg**, wat tot nou toe vir julle nog onbekend was, die wêreld van die natuurgeeste te ontsluit!

[2] Die lig van hierdie klip het die eienskap om sodanig in te werk op die **lewensenuwees van die maagholte** dat die siel by langer inwerking van hierdie lig sy gesigsvermoë daarheen verplaas, waardeur hy selfs die mees verborge dinge begin te sien. Julle visuele waarneming sal homself nou heeltemal daarheen verplaas, en daardeur sal julle met geslote oë beter sien as nou met julle oë wyd oop.

[4] Na hierdie woorde van My sluit almal die oë en hulle verwondering ken geen perke oor die uiters skerp gesigsvermoë van die siel deur die maagholte nie.

[5] Slegs Mathaël en sy vier metgeselle sê: "Hierdie wonderlike sien is vir ons volstrek nie vreemd nie; want op hierdie wyse het ons dikwels die merkwaardigste dinge gesien en het ons dikwels oor plekke geloop waar in die natuurlike waaktoestand geen sterfling langs sou kon kom sonder om gruwelik te val nie, en ons sien daarby die hele lug asook die water van die seë en mere, riviere en spruitjies altyd wemel van allerlei **wonderlike, eienaardige vorms en larwes**, wat vinniger of stadiger in die lug in alle bekende windrigtings voortbeweeg; ook sweef hulle op en neer, draai nou eers langsaam, dan weer vinnig in sirkels rond. Sommige gaan sit so te sê soos sneeuvlokke op die aarde, en kruip as't ware vinnig in hulle vore weg; sommige word as dou deur die plante opgesuig, ander deur die grond en nog enkeles deur allerlei gesteentes.

[6] Die wat in die grond wegkruip en wat deur die plante en klippe opgesuig word, kom nie weer te voorskyn nie; maar op plekke waar `n boom of `n plant of iets dierliks lê en vergaan, ontstaan **allerlei nuwe skeppinge** wat aanvanklik soos `n ligte, sag glinsterende damp daar uitsien, en hulle weldra in honderdduisende verenig en tot `n **reeds goed ontwikkelde vorm saamsmelt**.

[7] Sodra die vorms eenmaal voltooi is, duur dit nie lank nie, of hulle begin, asof hulle `n soort eie bewussyn het, te beweeg en om hulle te gedra soos `n hond wat iets soek wat sy speursinnige neus êrens geruik het.

[8] Meestal sien ons hierdie wesens na die kuddes skape, bokke en beeste toe sweef. As hulle dié bereik het, bly hulle daar; begin die diere paar, waartoe hulle **die diere baie skyn te prikkel**, dan word hulle deur die parende diere nogmaals soos `n soort dou van die reeds bietjie dor geworde gras opgesuig en kom nie weer te voorskyn nie.

[9] Baie van sulke vorms haas hulle ook na die water, en swem lig glyend `n tyd lank oor die oppervlak heen en weer. Sommige duik daarop vasberade onder water, ander drom meer saam tot `n newelige massa, en duik eers dan onder wanneer hulle tot `n nuwe vorm saamgesmelt het, wat dikwels **soos `n waterdier** lyk.

[10] Maar wat die wonderlikste was, ons sien voortdurend duisende eienaardige vorms, larwes en figure uit die water opstyg wat ongeveer lyk soos **allerhande vlieënde insekte**, en ook soos klein en groot voëls van alle moontlike soorte en vorms. Hulle het sonder meer goed gevormde vlerke**, pote en ander ledemate;** maar hulle gebruik dit nie soos wat voëls doen nie, maar dit hang alles aan almal, en hulle **sweef** meer soos donsveertjies of sneeuvlokkies deur die lug. Alleenlik as daar `n swerm werklike voëls in hul nabyheid kom, sien jy egter tekens van lewe aan hierdie newelige figure en vorms; hulle trek dan ook met die swerm saam, en word daardeur in `n kort tydjie as't ware verteer.

[11] Maar uit die lug sien ons steeds `n soort ligte stof na benede val, soms meer, soms minder en veral bo die watervlak was dit heel dikwels sigbaar. As jy hierdie stof beter bekyk, blyk dit ook `n vorm te hê, wat óf soos baie **klein eiertjies** lyk óf soos ontsettend **klein waterdiertjies** en hierdie stof word ook dadelik deur die water opgeneem.

*Jarah en die natuurgeeste*

115 Toe sê **Jarah** wat langsaan sit en rus: "Maar Meester! Watter **klein mannetjies** is dit? Ek sien hulle uit die bos kom, en nou staan hulle in **kleurvolle groepe** om ons heen! Enkeles skyn `n wasige kleed aan te hê; die meeste is egter heeltemal naak en hulle is almal **so groot soos kinders** van skaars twee jaar."

[2] Ek JaHshua sê: "Dit is reeds **konkrete mensesiele** van hierdie aarde wat nog nie die weg van die vlees deurgemaak het nie. Hulle het tot op hede ook nog nie baie sin daarin nie, omdat hulle te bang is om opnuut in die materie opgesluit te word. Die gekledes het selfs `n soort taal, wat ewenwel nog nie baie ontwikkel is nie; maar `n sekere aapintelligensie het hulle almal!"

[3] Jarah sê: "Sou die gekledes my verstaan as ek met hulle praat?"

[4] Ek sê: "Probeer jou geluk `n slag!"

[5] Daarop skraap Jarah al haar moed bymekaar en vra aan `n **wasig geklede ligblou mannetjie**: "Wie is julle dan, en wat doen julle hier?"

[6] Die ligblou mannetjie gaan nou vlak voor Jarah

staan, staar haar met groot oë strak aan en sê dan: "Wie gee jou opdrag, stinkende stuk vleis, om `n vraag te stel aan ons rein wesens? Behalwe die Eén (JaHshua), en met uitsondering van nog één (RafaEl), stink julle almal weersinwekkend na materie; en dit is die grootste vyand van ons neusgate! Stel aan ons in die vervolg eers dan `n vraag, stinkende aas, as jy daartoe opdrag gekry het van die almagtige Gees van alle geeste - en sorg jy maar verder daarvoor dat jy jou liggaamlike mottesak op `n goeie manier kan kwytraak!"

[7] Ek vra vir Jarah: "Wel, My dogtertjie, hoe vind jy hierdie antwoord?"

[8] Jarah sê: "Meester, Mester, ag, hierdie wesens is ontsettend ru en grof! Is ek dan regtig so `n stinkende aas? Ek weet nou van droefheid geen raad nie; ja, ek sou nou baie maklik wanhopig kon word!"

[9] Ek sê: "Kyk, kyk, My dogtertjie, die Gesie het tog vir jou iets goeds gedoen! Waarom treur jy daaroor?! Die Gesie kon jou natuurlik wel met sierliker woorde gesê het dat daar in jou nog so `n heel klein bietjie hoogmoed verborge lê oor jou skoonheid; maar die Gesie is geen taalkunstenaar nie, het maar `n beperkte woordeskat, en praat eintlik meer uit ervaring en gevoel as uit enige begrip.

[10] Is die geluk in jou hart versteur omdat jy die ligbloue aangespreek het? As jy so `n vraag aan `n vuurrooie sou gestel het, sou jy `n antwoord gekry het waarvan jy van louter ergernis flou sou geval het. Maar bedank hom nou vir die weldaad wat die ligbloue jou bewys het, dan sal daar wel beter met hom te prate wees!"

[11] Jarah neem dit ter harte en sê dadelik aan die Gesie wat haar nog steeds aanstaar: "Ek dank jou, liewe mannetjie, vir die weldaad wat jy my bewys het deur jou reguit woorde; wees daarom asseblief nie kwaad vir my nie! Nie waar nie, liewe mannetjie, jy sal daarom tog nie kwaad vir my wees of bly nie?"

[12] Die mannetjie lag daarop skaterend en sê, nog laggend: "Hy wat dit aan jou gesê het, is goed in orde - maar jy, sneeugansie, nog lank nie; want jou stinkende fondament het nóg die gedagte, nóg die wil daartoe ontwikkel! Maar jy is nou tog wel verdraagliker as voorheen; net daardie bietjie skoonheidshoogmoed is nog lank nie heeltemal daaruit nie. Verbeel jou maar niks nie, want alles wat van jou af kom is sleg - die goeie behoort aan iemand anders!"

[13] Jarah sê: "Maar vertel eers, liewe mannetjie, hoe weet jy dit alles?"

[14] Die mannetjie lag weer en sê: "Wat jy sien, hoef jy nie te weet nie! Jy sien nou tog ook meer as wat jy andersins kon sien! Ek sien egter nog meer as jy, omdat ek geen stinkende vlees om my heen gehang het nie; en dus sien ek presies hoe dit met jou en met al die ander van julle gesteld is. Ek sê vir jou, verbeel jou niks oor al jou goeie eienskappe nie, want dit is nog lank nie van jouself nie!"

[15] Jarah sê: "Ja, hoe is dit moontlik? Verduidelik dit tog eers beter aan my!"

[16] Die mannetjie sê: "As iemand wat baie reise gemaak het, en daardeur met baie moeite en moeilikhede allerlei kennis en ervaring opgedoen het, jou vertel wat hy gesien en meegemaak het, dan weet jy ook wat hy self weet en ken; kan jy jou dan daarop beroem? Dit wat jy nou meer weet as vroeër, is tog maar net `n dubbele verdienste van die een wat ten eerste met baie moeite en baie opoffering die kennis en ervaring moeisaam versamel het, en ten tweede nog so goed was om dit alles aan jou getrou mee te deel. Sê my eers of jy jou die verkryging van sulke ervarings en kennis as verdienste kan toereken?

[17] Kyk, dan is jy maar net `n met baie nuttige en goeie kennis en ervaring beskrewe boek en nog lank geen wyse skrywer van die boek nie! Aan wie kom dan die eer toe vir die goeie wat in die boek geskryf staan, aan die boek of aan hom wat dit alles daarin geskryf het? Kyk, jy is `n goed beskrewe boek, maar nog lank geen skrywer nie! Verbeel jou daarom maar niks nie!"

[18] Daarop lag die mannetjie weer en rig hom soos `n veldheer op en sê aan sy leër: "As julle sat is daarvan om die geselskap aan te staar, trek ons weer verder, want hier stink dit vir my regtig te veel!"

[19] Meteens trek hulle weg en verdwyn in die bos.